Prof. D.P. Wissing
Departement ATLW

AUSLAUTSVERHÄRTUNG IN DUITS: DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR VREEMDETAALONDERWYS

Dit is vry algemeen bekend dat leerders van 'n vreemde taal ook op klankvlak sekere probleme ondervind. Die Duitse leerling van Engels het groot moeite met klanke wat in hulle eie taal vreemd is, byvoorveeld die Engelse [θ] en die [ð], terwyl die Engelssprekende weer sukkel met die Duitse klanke [ç] en [x]. Soms het taalleerders egter moeite met klanke wat nie aan hulle onbekend is nie. 'n Goeie begrip vir die presiese oorsake van sulke probleme is noodsaaklik vir 'n doeltreffende bestryding daarvan in die vreemdetaalonderwys. Vergelyk byvoorbeeld die volgende woorde van Johanssen: "... in order to combat errors we must ... know their causes" (*in* Svartvik 1973 : 52).

In hierdie stuk sal kortliks gekyk word na 'n baie bekende probleem, die sogenaamde auslautsverhärtung, wat Duitssprekendes met Engels as vreemdetaal ondervind. Hiermee wil veral geïllustreer word dat 'n deeglike taalwetenskaplike kennis onontbeerlik is vir die onderwyser/dosent van enige vreemde taal; die implikasies daarvan is dus nie net beperk tot die Engels:Duitse situasie nie.

2. DIE VERSKYNSEL VAN AUSLAUTSVERHÄRTUNG

Die feit dat Duitssprekendes die Engelse woorde wat op stemhebbende eindobstruente eindig dikwels as stemlose obstruente uitspreek, het 'n onengelse uitspraak ('n uitspraak met "aksent") tot gevolg. Dit kan selfs tot kommunikasieprobleme aanleiding gee, en alleen al om hierdie rede moet dit voorkom word. Voorbeelde van sodanige foutiewe uitspraak is:

Engels	slotklank getranskribeerd	Duitse uitspraak:	slotklank getranskribeerd
club	[b]		[p]
had	[d]		[t]
dog	[g]		[k]
have	[v]		[f]
has	[z]		[s]
bathe	[ð]		[θ]

Die meervoudsvorme van Engelse nomina, die possessiewe vorm daarvan, die verledetydsvorm asook die derdepersoonenkelvoudsvorme van 'n groot hoeveelheid verba (altans die sg. *sterk* vorme daarvan) is almal aan hierdie uitspraakvorm onderhewig. Die opvallende van die feit dat Duitssprekendes probleme met dergelike uitspraak ondervind is dat hulle wél 'n [b] en wél 'n [d], 'n [v] en 'n [g] heel maklik kan uitspreek (soos in anlaut (vgl. die woorde *B*ett, *d*ann, *w*enn, *s*ieben (=[z] en *g*ut) maar nie in die auslaut nie. Met behulp van die fonoloog kan hierdie verskynsel verklaar word, en dus ook in beginsel geremedieer word. Om hierdie oogmerk te kan bereik is daar volgens my minstens twee voorwaardes waaraan voldoen moet word:

i. Die strukturele begrip *foneem* moet nie gebruik word nie maar wel die generatiewe begrip *distinktiewe kenmerk.*
ii. 'n Adekwate beskrywing van 'n relevante deel van die klankbeheersingsvermoë van èn Duits- èn Engelssprekende moet beskikbaar wees.

Voordat egter tot die volgende punt oorgegaan kan word, is 'n duidelike standpuntinname ten opsigte van terme soos *beskrywing* en *verklaring* nodig. Skrywers in die veld van vreemdetaalonderrig is dit met mekaar eens dat die blote opnoem van foute geen beskrywing of analise is nie, en dat op grond van dergelike inventarisasies ook geen verklaringe van foutiewe taalgebruik moontlik is nie. Vergelyk byvoorbeeld die woorde van Hamp: "... a mere enumeration of errors is taxonomic, and simply not an analysis; 'analysis', to be meaningful, demands an explanation of the nature and ultimate cause of observed error" (aangehaal deur James, *in* Nickel, 1971 : 55). Van Els et al. haal Legenhausen indirek aan: "Een bezwaar tegen interferentie als verklaringsprincipe is verder dat het begrip te algemeen en vaag is. Wat is ermee gewonnen als men weet dat een fout door interferentie veroorzaakt is? ... Het belangrijkste is te weten, wanneer er bij welke strukturen inter- en intralinguale interferentie optreeds en vooral waarom een foutiewe uiting juist die speciale vorm heeft aangenomen en niet een andere" Van Els et al., 1977 : 335). James beskou die kontrastiewe analise (KA) as "a branch of applied linguistics, (that) has been concerned only with linguistic sources of error" (*in* Nickel, 1971 : 56), sodat, wanneer 'n linguistiese verklaring vir uitspraakfoute gegee word, dit volgens James tegelykertyd 'n verklaring vanuit die KA is. Corder (1975) verenig hom hiermee wanneer hy so 'n verklaring uit die KA as behorende tot die *swak hipotese* klassifiseer. Hierteenoor staan die *sterk hipotese,* wat nie alleen verklaring vir foute op die oog het nie maar ook voorspelling van foutiewe uitsprake. Vir die doel van hierdie stuk sluit ons ons by die swak hipotese aan.

Stel dat die uitspraakprobleem in verband met auslautsverhärtung soos volg geformuleer word:

(2) Waarom word die klanke [b d g v z ð] in Engels van sommige Duitssprekendes as [p t k f s θ] in die auslaut uitgespreek?

Ons gee vervolgens aandag aan 'n oplossing vir die probleem deur te soek na 'n moontlike oorsaak van die problematiese gegewens. Dit word nie op die oppervlak gesoek nie maar op 'n dieperliggende vlak: wat is daar in die klankbeheersingsvermoë van die Duitssprekende wat moontlik 'n foutiewe uitspraak soos die wat aangedui is, kan veroorsaak? Om so 'n vraag te kan beantwoord moet 'n goeie beskrywing van daardie stuk van die klankbeheersingsvermoë van die Duitssprekende wat waarskynlik verantwoordelik sou kon wees vir die oppervlakverskynsel van auslautverhärtung beskikbaar wees — dit is natuurlik dat aangeneem word dat die besondere verskynsel nie ónverklaarbaar is nie.

'n Eerste stap in die rigting is om te soek na soortgelyke konsonantewisselings in Duits self. Mens kan naamlik aanneem dat, ruweg gesê, wisselinge in die uitgangstaal (Ti) in die taalaanleringsproses oorgedra word op die doeltaal (Tii). 'n Tweede stap is dan die adekwate beskrywing hiervan, en 'n derde stap is om 'n verklaring te soek vir die foutiewe uitspraak wat moontlik op die beskrywing gegrond kan word.

Nou vind mens wél 'n dergelike konsonantwisseling in Duits:

(3)
[ha:bən] (haben) wissel met [hap] (hab')
[blaibən] (bleiben) wissel met [blaip] (bleib')
[zɛndən] (senden) wissel met [zɛnt] (send')
[hendə] (Hände) wissel met [hant] (Hand)
[bi:gən] (biegen) wissel met [bi:k] (bieg')
[bɔrgən] (Bergen) wissel met [bɔrk] (Berg)
[bəwaizən] (beweisen) wissel met [bəwais] (beweis')
[bøzə] (böse) wissel met [bo:shaft] (boshaft)

Hierdie wisseling kan nou in terme van die volgende fonologiese reël (F-reël) geëksplisiteer word:

(4)
$$[+\text{Stem}] \rightarrow [-\text{Stem}] \;/\; \begin{bmatrix} __ \\ -\text{Son} \end{bmatrix} \#$$

(4) verantwoord tegelykertyd elke wisseling wat in (3) aangedui is, asook 'n groot hoeveelheid soortgelyke vorme van Duits. Op grond van (4) kan nou

ook verklaar word waarom [b] juis [p] word, en nie byvoorbeeld [s] of [t] nie, asook waarom [d] juis in [t] verander, [g] in [k], [z] in [s] ensovoort. (4) druk naamlik 'n veralgemening uit wat (5) hieronder mis: alle -Son=klanke (= obstruente) word -Stem in auslaut in Duits uitgespreek. 'n -Stem = [b] *is* gelyk aan 'n [p]. 'n -Stem = [d] is 'n [t], ensovoort.

(5) [b] → [p], [d] → [t], [g] → [k], [v] → [f], [z] → [s]

aan die einde van Duitse woorde.

Anders as in die geval van (4) kan uit (5) glad nie afgelei word waarom een klank juis in 'n spesifieke ander klank verander nie. Dit is bloot 'n taksonomiese opsomming van wat gebeur. En 'n verklaring van ons probleemstelling (z) hierbo kan wel uitgaande van (4) bereik word maar glad nie op grond van (5) nie. Let terloops op dat (4) in terme van distinktiewe kenmerke geformuleer is en (5) in terme van foneme, en vergelyk dan weer voorwaarde i op p. 2 in verband met die bereik van die oogmerk van verklaring.

So 'n verklaring vir die probleem in (2) gestel, kan in die vorm van 'n argument aangebied word. Die hoofpremis van so 'n argument is (6) hieronder, en een van die bypremisse die F-reël (4) hierbo.

(6) Interferensies by vreemdetaaluitspraak kom onder andere op so 'n wyse tot uitdrukking dat die moedertaalspreker (STi) 'n fonologiese reël van sy taal (TiFi) in die gebruik van die doeltaal (Tii) indra.

'n Ander bypremis is (7):

(7) Die Engelse en Duitse klanke [b d g v z] het die distinktiewe kenmerke -Son en +Stem gemeen; die klanke [p t k f s] het die distinktiewe kenmerke -Son -Stem met mekaar in gemeen.

Die argument lui nou soos volg:

(8) i. 'n Interferensie soos dié wat deur auslautsverhärtung veroorsaak word sal hom in die uitspraak van Engels by Duitssprekendes manifesteer wanneer die spreker 'n F-reël (4) besit wat onbekend in Engels is en by hierdie reël gebruik wanneer hy Engels praat

ii. Daar bestaan wel 'n F-reël (4) in Duits, maar nie in Engels nie

iii. Die Duitssprekende pas (4) dikwels toe op Engels

iv. Reël (4) verander -Son, +Stem=klanke in -Stem=klanke

v. Wanneer (4) op Engelse woorde toepgepas word, resulteer die toepassing in foutiewe uitsprake soos [klʌp] vir [klʌb], [dɔ:k] vir [dɔg], [hæ:s] vir [hæz], ensovoort

Gestel dat die verklaring (8) juis is, lê dit nou voor die hand om, as mens die foutiewe uitspraak wil remedieer, veral (8)(iii) te verander. Daar moet met ander woorde uitspraakoefeninge bedink word wat gerig is op die toepas van (4). In terme van Nickel "Didactic programming determines what is to be taught, methodic programming determines how it is to be taught" (1971 : 6) is die bydrae van die fonoloog in hierdie geval op die didaktiese gebied geleë, en die bydrae van die vreemdetaalonderwyser /-dosent op die metodiese gebied. Die mening bestaan (bv. Corder, 1975 : 207) dat die gee van 'n verklaring soos in (8) 'n saak vir die psigoloë is. Slegs (8)(i) is egter psigologies van aard, selfs meer psigolinguisties, die res van (8) is 'n linguistiese aangeleentheid. Verklaringe soos die wat hier gegee word, is dus ook 'n opgaaf wat slegs deur linguiste, in hierdie geval fonoloë, gegee kan en moet word.

BIBLIOGRAFIE

CORDER, S. 1975. Error analysis, interlanguage and second language acquisition, LTLA 8, 1975, 201-218.

HAMP, E.P. 1968. What a contrastive grammar is not, if it is, Georgetown Monograph No. 21.

JAMES, C. 1971. The exculpation of contrastive linguistics, in: Nickel (1971), 53-58.

JOHANSSEN, F.A. 1973. Multiple contact analysis, in: Svartvik 1973 : 48-54.

KOHLER, K. 1971. On the adequacy of phonological theories for contractive studies, in: Nickel 1971 : 83-88.

LADO, R. 1964. Language teaching, a scientific approach, New York.

LEGENHAUSEN, L. 1975. Fehleranalyse und Fehlerbewertung, Berlin.

MEIJERS, J.W. 1973. Notities over uitspraakonderwijs voor het Engels, in LT 299, 1973, 345-51.

NICKEL, G. (red.) 1971. Papers in contrastive linguistics, Cambridge.

SVARTVIK, J. (red.) 1973. Errata; Papers in Error Analysis. Lund.

VAN ELS, T., G. EXTRA, Ch. VAN OS, BONGAERTS. 1977. Handboek voor de Toegepaste Taalkunde. Groningen.